De Jong, Foucault en *'n Ander Afrikaanse letterkunde:* 'n Hartstogtelike mislukking

Philip John

'n Ander Afrikaanse Letterkunde - Marxistiese en sosiaalgerigte teksopvattings in Afrikaans

Marianne de Jong 1989
Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing

1

Die teks waarop daar in hierdie artikel gefokus word, Marianne de Jong se *'n Ander Afrikaanse letterkunde: Marxistiese en sosiaalgerigte teksopvattings in Afrikaans* (1989a), 'n studie van die Afrikaanse Marxistiese literatuurbenadering wat die Afrikaanse literêre toneel aan die begin van die tagtigerjare aan't roere gehad het, kan om verskeie redes as problematies bestempel word.

As literêr-teoretiese studie is dit in die eerste plek deel van 'n groep tekste met 'n onduidelike posisie en status binne die Afrikaanse literêre tradisie. Terwyl daar 'n steeds groeiende korpus Afrikaanse tekste bestaan wat uitsluitlik aan literêr-teoretiese onderwerpe gewy is,[1] ontbreek 'n koherente gevestigde evaluatiewe teoretiese tradisie in 'n groot mate.[2] Die vestiging van 'n diskoers wat aandag kan skenk aan vraagstukke eie aan so 'n studieveld is noodsaaklik indien literêr-teoretiese tekste na behore gewaardeer wil wees. In die geval van *'n Ander Afrikaanse letterkunde* kan die gebrekkige resepsie van die studie nie anders as simptomaties van dié leemte in die Afrikaanse letterkunde gelees word nie.[3]

Die studie word hier sonder verdere ophaal van bogenoemde vraagstuk op gebruiklike wyse as relatief selfstandige verskynsel benader. Die regverdiging vir so 'n benadering kan in die studie self gevind word: die komplekse samestelling van *'n Ander Afrikaanse letterkunde* maak dit op fassinerende wyse byna onmoontlik - onder meer as gevolg van die kwessies wat daarin aangespreek word - om die studie sonder intellektuele oneerlikheid in die een of ander konseptuele borsrok in te dwing. En dit is nie omdat die studie 'n toonbeeld van teoretiese samehangendheid is nie; die teendeel geld eerder.

Die waarde van *'n Ander Afrikaanse letterkunde* hou uiteindelik verband

met die teoretiese *verwringings* wat 'n hartstogtelike eis vir 'n egalitêre sosiale en kulturele bedeling teweegbring wanneer dit in 'n gevestigde kennisterrein ingevoeg word.

Om duidelik te maak wat hiermee bedoel word, moet daar gekyk word na die manier waarop die "deskriptiewe en analitiese model" (De Jong 1989a: 2) wat die studie van die Afrikaanse Marxistiese literatuuropvatting in *'n Ander Afrikaanse letterkunde* rig, saamgestel is.

2

Die teoretiese hoeksteen van *'n Ander Afrikaanse letterkunde* is die sogenaamde Foucauldiaanse diskoersanalise wat breedvoerig uiteengesit word (De Jong 1989a: 9-10). De Jong se uiteensetting steun in 'n groot mate op Foucault se *The Archaeology of Knowledge* (1972), alhoewel dit nie vermeld word nie. Die hoofsaaklik diskursiewe fokus van *The Archaeology of Knowledge* word aangevul deur ander Foucauldiaanse tekste, in die besonder 'n Duitse teks, *Dispositive der Macht* (1978), waarin die rol van mag, en veral die verband tussen diskoers en mag vollediger aan bod kom.

'n Foucauldiaanse raamwerk sou by uitstek geskik wees om die ontstaan van 'n Afrikaanse Marxistiese literatuuropvatting en veral die vraagstukke wat daarmee gepaard gaan, te ondersoek. Dit sou byvoorbeeld die geleentheid bied om die vraag te takseer of die Afrikaanse Marxistiese literatuurbenadering nie maar net nog 'n heimlike strategie is om die integriteit van 'n gevestigde diskoers - die Afrikaanse letterkunde - juis te *beskerm*, téén die uitgesproke Marxistiese projek om gevestigde diskoerse en die magsverhoudings wat daarmee verweef is, te transformeer tot voordeel van die onderdrukte nie.

Sodanige evaluering blyk dan ook inderdaad deels die motivering vir De Jong se gebruik van Foucault te wees (vergelyk De Jong 1989a: 90). Die belofte wat die gebruik van 'n Foucauldiaanse benadering in hierdie verband inhou, word egter nie gestand gedoen nie want die gevolgtrekkings waartoe die studie kom, is om die beurt vaag, verwarrend en in bepaalde gevalle, duidelik teenstrydig.[4]

Ofskoon sodanige "ongemaklikhede" in *'n Ander Afrikaanse letterkunde* 'n duidelike teiken vir kritiek bied, lewer 'n fokus op die "konseptuele proses" waardeur die ondersoekraam saamgestel word uiteindelik waardevoller insigte in die studie. Die keuse van 'n Foucauldiaanse perspektief, en veral die aanpassings wat De Jong in die gang van haar ondersoek daaraan probeer maak, eerder as die "resultate" van die studie, vorm dus die studieobjek van hierdie artikel. Die basiese betoog is dat die problematiese aard

van *'n Ander Afrikaanse letterkunde* herlei kan word na presies De Jong se besluit om Foucault binne 'n sekere intellektuele en institusionele milieu te gebruik.

Die Foucauldiaanse perspektief word, as gevolg van die intense filosofiese worsteling aan die grondslag daarvan, vergesel van ingewikkelde en problematiese verhoudings ten opsigte van ander intellektuele tradisies. In Foucault se werk kristalliseer die proses uit in standpuntinnames ten opsigte van 'n aantal verbandhoudende kwessies soos die siening van die rol van intellektuele,[5] idees oor konsepte soos "waarheid", "wetenskap" en "kennis" en oor die plek, rol en effektiwiteit van 'n Foucauldiaanse analise ten opsigte van 'n ondersoekveld of -objek.

In die geval van *'n Ander Afrikaanse letterkunde* is veral die laasgenoemde kwessie van sentrale belang. Intrinsiek aan die Foucauldiaanse benadering is die uitgangspunt dat 'n analise van 'n kennisterrein of -objek soos die Afrikaanse Marxistiese literatuuropvatting, op so 'n manier uitgevoer moet word dat dit in die eerste plek 'n definitiewe strategiese doel dien.

Die postulering van analise as effektiewe "intervensie" vloei logies voort uit die kenmerkend Foucauldiaanse siening van die verband tussen kennis en mag, naamlik dat kennis (in die vorm van "diskursiewe formasies") onlosmaaklik deel is van magsmeganismes waardeur mense se sosiale gedrag gereguleer word (vergelyk Lemert & Gillan 1982: 19).

Die verhouding tussen kennis en mag is egter nie eenlynig van aard nie: kennis is nie slegs ondersteunend van mag nie, mag is ook betrokke by die produksie van kennis (De Jong 1989a: 14; Lemert & Gillan 1982: 60). Magsrelasies en -posisies is dus van meet af aan onlosmaaklik deel van enige analise. 'n Foucauldiaanse benadering vereis gevolglik van die ondersoeker dat sy of hy deurgaans die posisie van hul ondersoek jeens die bestaande magsverhoudings in die oog moet hou. Dit is met verwysing na so 'n konsepsie dat die omskepping van die analise van kennis en mag in 'n "theoretical weapon" begryp kan word (Lemert & Gillan 1982: 53; 59-60).

In die geval van 'n Foucauldiaanse analise van die Afrikaanse Marxistiese literatuuropvatting sou mens verwag dat die strategiese trajek van die analise op 'n soortgelyke wyse duidelik geëksplisiteer sou word, of ten minste duideliker as wat die geval is in *'n Ander Afrikaanse letterkunde*. Alhoewel De Jong sterk standpunt inneem teen wat sy die "tradisie van die ontwyking van die sosio-politieke" in die Afrikaanse letterkundestudie noem (De Jong 1989a: 3), vereis die gebruik van Foucault meer.

Dit vereis, bo alles, dat deegliker kennis geneem moet word van die spesifieke konteks waarbinne De Jong se studie ontstaan het en gepubliseer is. 'n Kontekstuele bewussyn vorm wel 'n intrinsieke deel van die studie,

maar nie in die sin wat mens sou verwag binne 'n Foucauldiaanse raamwerk nie. De Jong plaas die meeste klem op die ontwikkeling van 'n sosiale raamwerk as agtergrond vir die plasing en evaluering van die Afrikaanse Marxistiese literatuuropvatting, terwyl 'n Foucauldiaanse inslag vereis dat 'n diskursiewe raamwerk voorrang geniet. Dit het tot gevolg dat 'n belangrike horison buite die reik van De Jong se kritiese greep bly.

Om dit eenvoudig te stel: *'n Ander Afrikaanse letterkunde* ontbeer 'n refleksie met betrekking tot die diskursiewe en dissiplinêre kennistradisie waarbinne dit ontstaan het, uitgevoer en gepubliseer is.

Omdat die verhouding tussen De Jong se ondersoek en die omringende kennistradisie sentraal staan in hierdie artikel, word daar 'n kort uiteensetting gegee van wat bedoel word met die term "kennistradisie", natuurlik sonder om enigsins te wil voorgee dat die komplekse werklikheid wat met die term geassosieer word, gestand gedoen word.

Die term kan onder meer vanuit twee rigtings benader word, naamlik in die eerste plek histories vanuit 'n breë, algemene hoek en in die tweede plek institusioneel, oftewel, vanuit 'n lokale, spesifieke oogpunt.

Histories gesien, vorm wetenskaplike ondersoek in Suid-Afrika deel van die Westerse kennistradisie. Sedert 1947 met die publikasie van Theodor Adorno en Max Horkheimer se *Dialektik der Aufklärung,* is dit egter ook 'n tradisie wat grondig bevraagteken en geproblematiseer is. Die kritiek wat eers vanuit 'n filosofiese hoek teen die tradisie gerig is, en wat mettertyd tot 'n soort vloedgolf vanuit 'n verskeidenheid oorde aangegroei het, kom basies neer op die bevraagtekening van die neiging in die tradisie om sekere vorme van ondersoek en vraagstelling voorop te stel. Kritici oor 'n wye front herlei die negatiewe tendens in die tradisie na 'n onderskeid tussen "wetenskaplike feite en menslike waardes, tussen objektiewe werklikheid en subjektiewe gevoelens" (Lötter 1993: 10) en die geleidelike opsyskuiwing van die "subjektiewe" dimensie as onversoenbaar met wetenskaplike rasionaliteit. Die vertrekpunt vir die kritiek op dié tendens was die menslike lyding wat die kritici met die proses geassosieer het, soos byvoorbeeld die Nazi's se vervolging van die Jode, die ontwikkeling en gebruik van die atoombom en die Stalinisme in die Sowjet-Unie.

Vir kritici soos Adorno en Horkheimer is die tendens veral sigbaar in die bevoorregting van pragmatiese en utilitêre kennis wat die belange van 'n elite groep in die maatskappy dien, tot nadeel van minder bevoorregte groepe.[6]

Die kritiek wat vanuit 'n uiteenlopende verskeidenheid oorde teen die heersende wetenskaplike tradisie geloods word, het egter die nadelige gevolg dat dit die rede en redelikheid onder verdenking plaas:

> Rasionaliteit word gevolglik gesien as 'n vyand van menslikheid, vryheid, geregtigheid, liefde, vriendskap en beskawing en dit ry enige poging in die wiele om die rede in te span om ons wêreld 'n beter plek te maak.
>
> (Lötter 1993: 12)

Dat die Suid-Afrikaanse kennistradisie nie onaangeraak sou bly deur soortgelyke prosesse nie, is vanselfsprekend. Dit is ook nie verbasend dat die institusionele raamwerk waaraan De Jong se studie sy onstaan te danke het, die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), wat vanaf die tagtigerjare al meer die rol begin speel het van leidende instelling op die gebied van geesteswetenskaplike navorsing, negatiewe reaksies ontlok by sommige geleerdes nie. So onlangs as 1986 is dit duidelik dat die persepsie bly voortbestaan dat die RGN, ten spyte van pogings tot hervorming, vasgevang is in die dwang van die heersende tradisie. Dit wil selfs voorkom asof die pogings tot transformasie eerder gelei het tot die versterking van die tendens waarteen kritici met verwysing na die Westerse tradisie gewaarsku het.

Van die kritiek wat teen die RGN gelug is, eggo die algemene kritiek teen die Westerse tradisie in belangrike opsigte. Muller, Cloete en Orkin (1986) kritiseer Suid-Afrikaanse geesteswetenskaplike navorsing onder leiding van die RGN, byvoorbeeld, as bevooroordeeld, as sou dit "Suid-Afrikaanse gebeure slegs in uitsluitlik blanke terme verstaan" (Muller *et al.* 1986: 11). Die leidende tendens in die RGN word verder gediagnoseer as "tegnisisties" spesifiek, omdat die RGN die rol sou vervul van "resident-ideoloog" vir 'n ontwikkelende alliansie tussen die Nasionale Party en Engelse nyweraars (Muller *et al.* 1986: 12).

Sodanige kritiek plaas De Jong se studie ook onder verdenking, of plaas ten minste 'n aantal vraagtekens oor die spesifieke institusionele lokus van haar studie, die Sentrum vir Suid-Afrikaanse Letterkundenavorsing (SENSAL), een van die vier Kunstesentra van die Instituut vir Taal- en Kunstenavorsing verbonde aan die RGN. Een van die vrae in hierdie verband is in hoe 'n mate SENSAL se begronding op die sogenaamde "kommunikasiemodel" (Malan 1981: 12) en 'n "literêrsosiologiese model" (Malan 1981: 17), wat in die praktyk neergekom het op 'n voorkeur vir 'n sisteemteoretiese benadering, meedoen aan die tendense waarteen kritici soos Muller, Cloete en Orkin vanuit 'n anti-utilistiese posisie protes aanteken.

Dit is uiteindelik dié "stilte" in De Jong se studie ten opsigte van kwessies soos die voorafgaande wat een van die belangrikste bronne vir die teoretiese probleme van die studie is. Of De Jong se stilswye ten opsigte van hierdie kwessies 'n taktiese (pragmatiese?) aangeleentheid is, of nie, maak uiteindelik nie 'n verskil nie. Hoe bostaande vrae 'n horison vir De Jong se studie

vorm, en hoe sy met noodlottige gevolge nalaat om 'n posisie ten opsigte van hierdie horison te genereer, word vervolgens aangestip.

3

Soos reeds betoog, begin die effektiewe ontkragting van die Foucauldiaanse perspektief met die raamwerk waarin De Jong haar studieobjek, die Afrikaanse Marxistiese literatuuropvatting, plaas. Ofskoon die *Afrikaanse* Marxistiese literatuuropvatting De Jong se ondersoekobjek is, maak sy dit duidelik dat die omtrek van haar ondersoek nie deur hierdie objek bepaal word nie. Soos sy dit stel, is die uiteindelike mikpunt van die studie 'n ondersoek van die nuwe betekenisse wat Marxisme met betrekking tot letterkunde produseer en die bepaling van

> ... hoe die nuwe verhoudings met bestaande verhoudings skakel en watter lig dit werp op die verhouding tussen literatuur en maatskappy *oor die algemeen*.
> (De Jong 1989a: 2; my klem)

Alhoewel sy dit nie uitspel nie, signaleer haar woorde die verwerping van 'n bestaande raamwerk waarbinne so 'n studie "logieserwys", dit wil sê, as dit nie vir Marianne de Jong se teoretiese en ideologiese "steeksheid" was nie, sou kon (moes) plaasgevind het, naamlik die "sisteemteorie". Aangesien die projek waarvan De Jong se studie deel moes vorm, ontstaan het in 'n afdeling van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN), naamlik die Sentrum vir Suid-Afrikaanse Letterkundenavorsing (SENSAL), wat sisteemteoreties gerig was, sou aansluiting by hierdie tradisie 'n onuitgesproke voorwaarde vir die studie gevorm het.

De Jong aanvaar egter nie die navorsingsopdrag wat die institusionele herkoms van die projek - "Teksopvattings in enkele Afrikaanse literêre praktyke" - impliseer, naamlik die Afrikaanse Marxistiese literatuuropvatting as 'n onderdeel van 'n breedopgesette ondersoek nie en herdefinieer die projek soos volg:

> Die werklike probleemterrein is nie die verskeidenheid teksopvattings as sodanig nie, maar die *sosiale* inbedding van teksopvattings.
> (De Jong 1989a: 2; my klem)

Bostaande twee opmerkings, asook enkele kriptiese verwysings na "sisteemteorie" (De Jong 1989a: 3, 8, 47) is die enigste blyke wat De Jong gee dat sy bewus is van die bestaan van 'n Afrikaanse sisteemteoretiese tradisie. Daar is geen verwysing in haar studie na die uitgebreide studie oor litera-

tuuropvattings en die sisteemteorie wat twee jaar voor *'n Ander Afrikaanse letterkunde* verskyn het nie, naamlik *Literatuuropvattings. 'Wese' en 'waarhede' van 'n nuwe literêre teorie* van Jan Senekal (1987).

Belangriker egter as hierdie vreemde akademiese "onverskilligheid" en 'n onkarakteristieke onbereidwilligheid om 'n gesprek aan te knoop,[7] is die ambivalente manier waarop De Jong haar studieopdrag - ingebed in die institusionele werking van 'n leidende geesteswetenskaplike navorsingsinstelling - benader. Sy weier nie die studie wat die instelling haar aanbied en tree geheel en al buite die heersende tradisie nie, maar bly op die terrein en behou die geïsoleerde objek, terwyl sy 'n poging aanwend om die ondersoekmilieu aan te pas.

Sodoende belas sy haarself met 'n aansienlike teoretiese drag. Haar verwerping van die sisteemteorie noodsaak haar om haar eie alternatiewe oorkoepelende "deskriptiewe en analitiese model" saam te stel. Aangesien een van die sentrale besware wat sy opper teen die sisteemteorie, naamlik dat dié teorie 'n sprekende voorbeeld is van die reeds genoemde "tradisie van ontwyking van die sosio-politieke" in die Afrikaanse letterkundestudie, is dit logies om te verwag (terwyl dit nie 'n noodwendigheid is nie) dat 'n sosio-politieke dimensie 'n sentrale of selfs leidende rol in haar raamwerk sal kry. Dit is dan inderdaad ook die geval.

Die manier waarop sy 'n sosio-politieke dimensie by haar raamwerk invoeg, is egter tegelyk een van die grootste probleme en sterkste punte van die studie. Dit moet tot De Jong se krediet gereken word dat sy nie terugdeins voor die uitdaging om een van die tergendste Suid-Afrikaanse kulturele problematieke, naamlik dié van 'n verenigde Suid-Afrika met 'n gemeenskaplike kulturele identiteit, deel van haar studie te maak nie. Vir die literatuurstudie is so 'n "posisionering" veral waardevol omdat die gesprek oor 'n "Suid-Afrikaanse letterkunde" ook by implikasie aangesny word.

Sy stel dit onomwonde dat die aangewese basis vir enige gesprek oor die "Afrikaanse letterkunde" as voorwaarde van die begin af ingesluit moet hê

> ... die gedagte dat Afrikaanse kultuur en literatuur sou kon ressorteer onder 'n omvattende Suid-Afrikaanse, oorwegend swart kultuur en literatuur.
>
> (De Jong 1989a: 42-43)

Vir De Jong is die dringendste taak vir literatuurstudie kennelik die konseptualisering en vestiging van die ideaal van 'n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse se identiteit of diskoers - of in haar woorde:

> ... 'n breë Suid-Afrikaanse kultuur waarin blanke en Afrikaanse kultuur nie beskerm of oorheersend sal wees nie.
>
> (De Jong 1989a: 40 - 41)[8]

Die bestudering van enige "literêre" onderwerp of kwessie is vir haar dus ondergeskik aan 'n kultureel-aktivistiese vertrekpunt.

Dit is hierdie konsepsie wat uiteindelik die moontlikheid van 'n teoretiese ruimte skep waarbinne 'n aantal heterogene kragte met mekaar in aanraking kan kom en waardeur die problematiese vorm van *'n Ander Afrikaanse letterkunde* tot stand kan kom.

4

Soos reeds vroeër aangedui, kan daar 'n baie goeie saak uitgemaak word dat Foucault se objek, ten spyte van sy geskiedsfilosofiese en historiografiese arbeid, "dissiplinariteit" is. In Foucault se studies fokus hy oor die algemeen op die rol wat akademiese dissiplines en verwante instellings soos die sielkunde, kriminologie, die mediese wetenskap, die regswese, ensovoorts, speel in die regulering van mense se sosiale gedrag. Sy studies kan in 'n sekere opsig beskou word as protes en verset teen die manier waarop kennis by sosiale dominasie en normering betrek word.

Sonder so 'n institusionele bouwerk as agtergrond is dit moeilik om 'n Foucauldiaanse perspektief voor te stel. Foucault se benadering en perspektief is in die eerste plek gebind aan die bestaan van uitgebreide en goed gevestigde institusionele kennis-(en mag)strukture. Sy oriëntasie ten opsigte van die kennis/magstruktuur maak dit duidelik dat die primêre funksie van sy benadering is om sodanige strukture te kritiseer en te transformeer.

Foucault het hierdie visie van hom egter nooit uitgebrei tot 'n uitgewerkte (getotaliseerde) maatskaplike teorie nie. Die "maatskappy", in sy geheel gekonsipieer, is afwesig in Foucault se teorie (vergelyk Lemert & Gillan (1982: xiv; 55); Racevskis (1980: 46-47) en Cousins & Hussain (1984: 2; 249)).

Dit is die konflik tussen die distinktiewe afwesigheid van 'n sosiale teorie by Foucault, en De Jong se gedrewe kulturele eenheidskonsepsie wat, myns insiens, die beste verklaring bied vir De Jong se gebruik van Habermas se dialogiese konsensusideaal (De Jong 1989a: 37-43). Die gebruik van Habermas maak dit vir De Jong moontlik om die relatief beperkte basis wat "dissiplinariteit" vergesel, te verbreed deur dit te vervang met "maatskappy", in die vorm van Habermas se "ideale gespreksituasie".

De Jong se gebruik van Habermas kan, myns insiens, dus teruggevoer word na die afwesige maatskaplike begronding van die Foucauldiaanse benadering. Habermas is nodig om die analise binne 'n breë maatskaplike of sosiale verband te plaas - dit vervang die kennisdissiplines met 'n veel tradisioneler gekonsipieerde "maatskappy", oftewel die kulturele geheel of

sisteem van 'n maatskappy.

Verdere ondersteuning vir so 'n betoog kan gevind word in ontwikkelings op die kulturele toneel ten tyde van De Jong se studie. Dit was 'n tydperk in die kulturele geskiedenis van Suid-Afrika waar ekstra-akademiese kulturele forums en groepe (soos byvoorbeeld die Congress of South African Writers (COSAW) - waarby De Jong betrokke was) na vore begin tree het, groter sigbaarheid begin kry het en groter inspraak begin eis het ten opsigte van die Suid-Afrikaanse kulturele toneel. Sulke tendense sou kon baat by die teoretiese ondersteuning wat De Jong probeer ontwikkel in *'n Ander Afrikaanse letterkunde*.

Terwyl De Jong die gevolge van haar verwerping van 'n bestaande instelling-gebonde benadering (die sisteemteorie) en 'n leemte in die Foucauldiaanse perspektief dus probeer verwerk met die gebruik van Habermas, skep die behoud van die Foucauldiaanse benadering wat dit terselfdertyd bemoontlik, verdere probleme wat op 'n vreemde manier daartoe lei dat De Jong uiteindelik nóg verder van Foucault af weg beweeg. Die behoud van Foucault kan in verband gebring word met kennelik dié eienaardigste aspek van De Jong se studie. Dit is naamlik haar gebruik van 'n relatief tradisionele hipoteties-deduktiewe raamwerk, wat ook in die studie ingeweef word.

5

Reg aan die begin van die studie noem sy dat die vertrekpunt van haar studie, naamlik dat die betekenis wat "letterkunde" in die letterkundige praktyk verkry, nie herlei kan word na aspekte van literêre tekste nie, maar eerder verband hou met ekstra-literêre sosio-politieke behoeftes en belange, 'n "hipotese" (De Jong 1989a: 1). Hierdie "hipotese" word dan volgens haar in die studie "getoets" deur middel van 'n analise van die Afrikaanse Marxistiese literatuuropvatting. 'n Logiese gevolgtrekking waartoe so 'n stelswyse lei, is dat De Jong se studie die gebruiklike oogmerk van wetenskaplike studie het, naamlik die produksie van wat algemeen geld as "waarheid". As sodanig, sou die studie relatief onproblematies deel kon wees van die heersende kennisdiskoers.

Die feit dat hierdie taal en begrippe geensins 'n beduidende rol verder in die studie speel nie, en gesien kan word as 'n retoriese kniebuiging in die rigting van die beherende instelling waarbinne die studie uitgevoer is, tas nie die legitimiteit van hierdie oordeel oor De Jong se studie aan nie, want die heersende kennistradisie is sigbaar op 'n veel basieser vlak ingebed in - en in konflik met - die samestelling van *'n Ander Afrikaanse letterkunde*. De Jong inkorporeer naamlik 'n duidelik herkenbare metodologiese apparatuur

langs die Foucauldiaanse perspektief in haar studie.

'n Groot gedeelte van die data (Foucauldiaans - "uitings", of "uitsprake") wat De Jong gebruik om die Afrikaanse Marxistiese literatuuropvatting te bestudeer en waarsonder 'n Foucauldiaanse ondersoek moeilik voorstelbaar is, is naamlik afkomstig van 'n vraelys wat sy self aan geïdentifiseerde Marxistiese kritici gestuur het, asook telefoniese onderhoude wat sy met hulle gevoer het. Deurdat De Jong so 'n prosedure volg, maak sy iets deel van haar teoretiese, oftewel metodologiese, raamwerk wat 'n mens eerder sou verwag, gesien die Foucauldiaanse begronding, *objek* van die studie sou wees.

De Jong se benadering kan in hierdie opsig vergelyk word met die gebruik van openbare meningspeilings in die hedendaagse wêreld om politieke gesindhede van kiesersgroepe te manipuleer. In haar geval is dit miskien nog ernstiger, aangesien sy eintlik besig is om 'n ondersoekobjek te manipuleer. De Jong kan dus daarvan beskuldig word dat sy deelneem aan 'n proses wat Foucault gekritiseer het, naamlik die *produksie* van 'n ondersoekobjek binne dissiplinêre verband.

Die "uitings" wat Foucault in sy studies gebruik, is grootliks van argivale herkoms. Die grootste gedeelte van Foucault se studies bestaan naamlik uit die historiografiese (oftewel "argeologiese") rekonstruksie van diskoerse. Vir De Jong is dit klaarblyklik nodig om verder te gaan en om die hoofsaaklik historiografiese inslag van die Foucauldiaanse benadering te transformeer om 'n sosiokulturele analise uit te voer.

De Jong se gebruik van hierdie metodologiese apparatuur is dus problematies. Een van die kenmerke van die Foucauldiaanse tradisie is immers 'n radikale antagonisme jeens die geestes- en sosiaalwetenskaplike metodologiese apparatuur, omdat dit deel is van die hele diskursiewe struktuur waardeur kennis en mag binne dissiplinêre verband met mekaar verweef word in die belang van sosiale onderdrukking.

Dit is egter ook waar dat die apparatuur nie *inherent* 'n sekere ideologiese of semantiese waarde dra wat dit permanent diskwalifiseer nie. Die "betekenis" van 'n sekere metodologiese inslag hang af van die konteks waarbinne dit gebruik word. Foucault se eie deelname aan konkrete versetpraktyke getuig hiervan. Een van die projekte waaraan hy aktief deelgeneem het, die "Groupe d'Information sur les Prisons", wat die oopvlek van toestande in die Franse tronke ten doel gehad het, het op groot skaal gebruik gemaak van vraelyste en opnames (Eribon 1991: 227-234).

In die geval van die stryd teen die Franse tronkstelsel was die gebruik van 'n tradisionele metodologie ingebed in 'n duidelik omskrewe konteks, wat 'n duidelike beeld van die sprekersposisie, die posisie of platform vanwaar die resultate van hierdie studies gepubliseer sou word en 'n duidelik

geïdentifiseerde teiken, ingesluit het.

De Jong se gebruik van 'n tradisionele metodologiese apparatuur binne die konteks van 'n gevestigde instelling (SENSAL en die RGN), sonder die nodige kontekstualisering waarna hierbo verwys is, kompromitteer die uitingsmodaliteit van haar studie egter met betrekking tot al drie punte genoem in die vorige paragraaf.

Omdat die posisie vanwaar sy die studie uitvoer en die teiken van die studie - die strategiese doelwit - nie duidelik in Foucauldiaanse terme uitgespel (kan) word nie, word haar woorde by verstek deel van die heersende geesteswetenskaplike diskoers. Die gebruik van 'n tradisionele metodologie magtig derhalwe die onderwerping van *'n Ander Afrikaanse letterkunde* aan die evaluatiewe prosesse eie aan die geesteswetenskaplike diskoers. Die afstand tussen die studie en die (wetenskaplike) "waarheid" kan dus op die gebruiklike manier vasgestel word. En wanneer dit gedoen word, kan die studie nie anders as teoreties inkoherent geklassifiseer word nie, dit wil sê as 'n mislukking. Wat dan weer die manier is waarop "gevaarlike" studies soos De Jong s'n "ontkrag" en onskadelik gestel word.

6

'n Uitsluitlik negatiewe waardering van De Jong se studie doen afbreuk aan die etiese hartstog waarop dit gebaseer is. *'n Ander Afrikaanse letterkunde* is van so 'n aard dat dit nie sonder protes aan die heersende kennistradisie uitgelewer mag word nie en vereis gevolglik 'n meer genuanseerde aanslag.

In die oorblywende gedeelte van die artikel word daar dus 'n poging aangewend om die greep van die heersende kennistradisie op *'n Ander Afrikaanse letterkunde* effens te verslap. Om dit te vermag, word daar aandag geskenk aan die rol wat die studie-objek - die Afrikaanse Marxistiese literatuuropvatting - speel in die wisselwerking tussen De Jong se problematiese aansluiting by beide Foucault en die heersende kennistradisie.

In 'n sekere opsig word daar dus teruggekeer na 'n punt wat vroeër aangeraak is, naamlik De Jong se gebruik van Habermas. Daar is betoog dat De Jong van Habermas se teorie gebruik maak om 'n oënskynlike tekortkoming in die Foucauldiaanse *teorie* aan te vul, naamlik om 'n meer inklusiewe sosiale dimensie in haar ondersoekraamwerk in te bring.

Dit lyk egter asof die samevoeging van Foucault en Habermas op 'n verdere probleem stuit, wat slegs opgelos kan word deur die gebruik van 'n metodologie wat noue verbande met die heersende kennistradisie het. Myns insiens, lê die beste verklaring vir De Jong se aansluiting by die heersende kennistradisie daarin om dit te sien as die resultaat van 'n waargenome

tekortkoming, nie in die teorie wat toegepas word nie, maar in die *objek*.

'n Foucauldiaanse analise van die Afrikaanse Marxistiese literatuuropvatting sou gekonfronteer word met 'n onderontwikkelde dissipline (of objek) wat slegs reggestel kan word deur aansluiting te vind by juis dít waarteen die studie antagonisties gestem sou moes wees.

As aanvulling en gedeeltelike korreksie op die voorafgaande, kan die gebruik van 'n tradisionele metodologie ook verklaar word as die resultaat van die toepassing van 'n Foucauldiaanse benadering op die *verkeerde* objek. Die werklike objek vir 'n Foucauldiaanse analise, of die vertrekpunt daarvan, sou die literêre stelsel in sy geheel moes wees, nie 'n geïsoleerde literatuuropvatting nie.

Indien De Jong konsekwent wou wees in haar aansluiting by die Foucauldiaanse tradisie, sou hierdie "stelsel" die heersende kennistradisie waar die objek, die Afrikaanse Marxistiese literatuuropvatting, sy oorsprong het, moes ingesluit het. De Jong sou in der waarheid eers moes aandag skenk aan die herkoms van die begrip van 'n "literatuuropvatting" as sodanig, wat 'n ondersoek sou insluit oor die rol wat dit speel in die tradisie waarbinne dit te voorskyn gekom het, byvoorbeeld deur vas te stel in hoe 'n mate dit 'n tegnisistiese of instrumentalistiese wetenskapsbeoefening bemagtig.

Die probleem is dus dat De Jong 'n reeds gekonstitueerde objek oorneem uit die heersende kennistradisie en 'n perspektief wat vreemd aan (en antagonisties teenoor) hierdie tradisie is, daarop toepas. Dit gaan hier dus om 'n grondliggende konflik tussen twee diskoerse - aan die een kant die tradisionele kennistradisie en die bepaling van objekte deur hierdie tradisie, en aan die ander kant die Foucauldiaanse tradisie, wat radikaal antagonisties staan teenoor studievelde en -objekte gekonstitueer binne tradisionele kennis- en dissiplinêre raamwerke.

Die kern van die probleem van De Jong se studie kan soos volg geformuleer word: terwyl De Jong die sisteemteorie in die algemeen verwerp, aanvaar sy tog 'n objek wat deur die teorie geproduseer is, sonder om die objek voldoende te transformeer om sinvol binne 'n nuwe voorgestelde raamwerk in te pas.

7

Die gebruiklike weg om te volg in die geval van so 'n teoretiese mislukking, sou wees om 'n spesifieke oorsaak of oorsprong vir die mislukking te identifiseer, of selfs 'n hiërargie foute. Soos vroeër gestel is, moes egter daarteen gewaak word om deur 'n simplistiese aanslag afbreuk te doen aan die erns waarmee De Jong 'n eietydse kulturele problematiek ophaal en

probeer aanspreek. Derhalwe was 'n uitgangspunt van hierdie artikel dat daar deurgaans in terme van 'n *wisselwerking* tussen faktore en diskoerse gedink moes word.

Die klem wat in die gang van die analise gelê is op die wisselwerking tussen faktore, vereis dat nie net De Jong se studie nie, maar ook die agtergrond waarteen dit plaasvind, die heersende kennistradisie, by die diagnose betrek moet word. Die teoretiese mislukking van *'n Ander Afrikaanse letterkunde* hou belangrike implikasies in, óók vir die heersende tradisie.

De Jong se studie kan byvoorbeeld gesien word as 'n demonstrasie van wat gebeur wanneer 'n "vreemde" perspektief in die veronderstelde waardevrye, wetenskaplike sfeer van die heersende kennistradisie ingevoer word. De Jong se aandrang op die inkorporering van 'n Foucauldiaanse perspektief *midde-in* 'n konvensionele geesteswetenskaplike institusionele raamwerk en nie konsekwent antagonisties *daarteenoor* nie, en die gevolglike teoretiese aporia, maak dit duidelik dat daar iets in die samestelling van die kennistradisie is wat verhoed dat kommunikasie tussen die twee tradisies kan plaasvind. Dit versterk die vermoede dat ekstra-epistemologiese faktore en belange moontlik 'n groter rol speel in die heersende kennistradisie as waarvoor gewoonweg voorsiening gemaak word. En dit is juis die *mislukking* van De Jong se studie wat die moontlikheid van hierdie gevolgtrekking "produseer".

8

Die les wat die teoretiese mislukking van *'n Ander Afrikaanse letterkunde* kan leer, hou uiteindelik verband met iets wat gemeenskaplik is aan beide De Jong se studie en die heersende kennistradisie, naamlik 'n neiging om ondersoeke en uitsprake op 'n relatief rigiede eenheidsgrondslag te baseer.

Die heersende kennistradisie is tot onlangs saamgebind deur 'n geloof in 'n bepaalde variant van die rede wat die waarheid en wetenskaplikheid van die kennis wat uit die diskoers voortkom, sou waarborg. By De Jong word 'n soortgelyke funksie vervul deur 'n hardnekkige (sosiaal-teoreties gebaseerde) geloof in die liberale en linkse panasee dat daar tog 'n verenigde kultuur in Suid-Afrika móét wees, en dat enigiets anders net eenvoudig nie aanvaarbaar kán wees nie. Albei deel dus die (outomatiese of onbewuste) aanname dat 'n Suid-Afrikaanse kennis- of kultuurdiskoers op 'n homogene of eenheidsgrondslag gevestig móét word.

So 'n voorstelling plaas die heersende kennistradisie, veral in sy geesteswetenskaplike gedaante, voor die taak om (weer) te besin oor die belange

wat dit mag dien en die invloed wat hierdie belange op kennisproduksie het. Die teoretiese mislukking van De Jong se studie veroorsaak dus dat die rasionaliteitsbegronding waarop die selfversekerdheid ten opsigte van toegang tot en beheer oor kennis en "waarheid" van die heersende kennistradisie gebaseer is, onder verdenking geplaas word. By implikasie vra *'n Ander Afrikaanse letterkunde* dat daar (weer) besin moet word oor die positiwistiese erfenis van die heersende kennistradisie (ten spyte van resente fenomenologiese verstellings, soos die "konstruktiwisme") en oor moontlike alternatiewe.[9]

Vir die tendens waarby De Jong aansluiting vind, stel dit voor 'n besinning oor die houdings en oriëntasies wat nog steeds (onbewustelik) gegenereer word deur sekere oorblyfsels van die linkse, Marxistiese, utopistiese tradisie en die eertydse geloof in die proletariaat wat in samewerking met die "geskiedenis" heil vir die mensdom in sy geheel sou bring en toe uitgeloop het op die eksesse van die Stalinisme.

Die belangrikste les wat uit De Jong se mislukking geleer kan word, hou egter verband met 'n problematiek wat, soos vroeër aangedui, ook deur die studie aangesny word, naamlik die probleem van 'n "Suid-Afrikaanse letterkunde". *'n Ander Afrikaanse letterkunde* sal, myns insiens, sy werklike potensiaal vervul wanneer dit aangewend word ter ondersteuning van die eliminering van 'n simplisties gekonsipieerde eenheidstandpunt by die begronding van die "Suid-Afrikaanse letterkunde" as studieveld.[10]

Indien De Jong se teoretiese sonde in *'n Ander Afrikaanse letterkunde* bydra tot die insig dat daar (tans) nie 'n transendentale posisie ten opsigte van kultuur moontlik is in Suid-Afrika nie, sal die studie een van die hoekstene kan vorm vir die ontwikkeling van 'n lewenskragtige Suid-Afrikaanse letterkundige en kulturele diskoers.

Aantekeninge

1. Gräbe (1984), Mouton (1989), Brink (1987), Du Plooy (1986), Hambidge (1989), Wybenga (1988), is 'n paar van die tekste wat in hierdie verband genoem kan word, om nie eers te praat van ouer tekste en oeuvre-studies nie. Die verskyning van literêr-teoretiese tekste as sodanig, in *Afrikaans*, is een van die eerste vraagstukke wat deur die verskynsel opgewerp word en om aandag vra.

2. J.C. Kannemeyer het reeds in 1966 'n soortgelyke opmerking gemaak by die verskyning van Rialette Wiehahn se *Die Afrikaanse poësiekritiek: 'n Historiesteoretiese beskouing* (Kannemeyer 1977: 97). Terwyl die situasie tans ietwat beter mag wees deurdat die begin van 'n gevestigde diskoers te bespeur is in

verspreide resensies en artikels, kort dit nogtans 'n basis soos byvoorbeeld uiteengesit deur Strydom (1985).

3. Chapman (1990) staan twee skamele sinnetjies af aan die studie en Hambidge (1990) skuif dit sonder huiwering opsy as "koeterwaals".

4. Vergelyk byvoorbeeld p. 77: "Die Marxistiese teksopvatting skep nie *'n nuwe* interpretasie van literatuur ... nie" en p. 82: "'n Afrikaanse Marxistiese teksopvatting is belangrik ... as die vrystelling van nuwe betekenisse." Dit is ook moeilik om 'n ander woord te vind as "ondeursigtig" vir sekere stellings wat veral in die slotgedeelte van die studie voorkom, soos byvoorbeeld die "besetting van die referent" (p. 91) en die "breuk met die breuk" (De Jong 1989a: 107-108). Daar moet egter dadelik bygevoeg word dat De Jong se bespreking van aspekte van die Afrikaanse literêre toneel ook uiters boeiende en insiggewende stof lewer, soos veral haar besprekings van sensuur, die Afrikaanse Skrywersgilde en prystoekennings (sien De Jong 1989a: 19-29).

5. Die teks wat gewoonlik in hierdie verband aangehaal word, is 'n dialoog met Gilles Deleuze, "Intellectuals and Power" (Foucault 1977). Die kwessie word verder bespreek in Bové (1980) en Lemert & Gillan (1982: 86-90).

6. Die trefkrag van die neo-Marxistiese kenniskritiek van Adorno en Horkheimer word geïllustreer deur die feit dat dit in 1990 (aan die hand van verwysing na die werk van Nicholas Maxwell) ge-eggo word in 'n forum wat gewoonlik nie met die Marxisme geassosieer word nie, naamlik die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (sien Rossouw 1990; asook Lötter 1993).

7. De Jong was in 1989 in 'n polemiek betrokke met Jan Senekal oor 'n versameling studies oor André P. Brink deur hom byeengebring.

8. 'n Bewustheid van hierdie problematiek spreek duidelik mee in De Jong (1989b), wat handel oor 'n SAVAL-kongres oor die Marxisme.

9. Daar moet egter toegegee word dat die RGN wél in 'n meerdere of mindere mate reeds vanaf die begin van die tagtigerjare betrokke is by so 'n proses, soos onder meer blyk uit die publikasies in die RGN-reeks in Metodologie. Die werk van Anton van Niekerk kan as voorbeeld dien vir die grondlegging van die soort vraagstelling wat hier ter sprake is (vergelyk byvoorbeeld Van Niekerk (1983); sien ook Lötter (1993) en Rossouw (1990)). 'n Bykomende vraag wat egter (nog) gevra moet word, is of en in hoe 'n mate hierdie metodologiese vraagstelling na die (Afrikaanse) letterkundestudie deurgesyfer het.

10. Dit lyk asof De Jong se eie denke inderdaad in so 'n rigting beweeg het na *'n Ander Afrikaanse letterkunde*. In 'n onlangse studie, De Jong (1992), word denke oor die Suid-Afrikaanse kulturele problematiek nog steeds gekoppel aan 'n "gespreksbegrip", maar nou gekonsipieer in 'n Bakhtiniaanse sin, dit wil sê 'n siening van dialoog wat 'n sentrale rol toeken aan heterogeniteit en antagonisme.

Verwysings

Bové, Paul
1980 The End of Humanism: Michel Foucault and the Power of Disciplines. *Humanities in Society* 3(1): 23-40.

Brink, André P.
1987 *Vertelkunde. 'n Inleiding tot die lees van verhalende tekste.* Pretoria: Academica.

Chapman, Michael
1990 Resensie: How do Mimic Men, and Women, Become New South Africans? *Current Writing* 2: 187-191.

Cousins, Mark & Hussain, Athar
1984 *Michel Foucault.* New York: St. Martin's Press.

De Jong, Marianne
1989a *'n Ander Afrikaanse letterkunde. Marxistiese en sosiaalgerigte teksopvattings in Afrikaans.* Pretoria: Raad vir Geestes-wetenskaplike Navorsing.
1989b Taal ontbreek vir SA dilemma. *Die Suid-Afrikaan* 22: 47-48.
1992 Dialogism as Literary Ethics. On Two Afrikaans Novels and a "New South Africa". *Theoria. A Journal of Studies in the Arts, Humanities and Social Sciences* 80: 39-53.

Du Plooy, Heilna
1986 *Verhaalteorie in die twintigste eeu.* Durban: Butterworth.

Eribon, Didier
1991 *Michel Foucault,* translated by Betsy Wing. Cambridge: Harvard University Press.

Foucault, Michel
1972 *The Archaeology of Knowledge*, (translation of *L'Archéology du savoir*, 1969. Parys: Editions Gallimard). London: Tavistock.
1977 *Language, Counter-memory, Practice. Selected Essays and Interviews.* New York: Cornell University Press.

Gräbe, Ina
1984 *Aspekte van poëtiese taalgebruik. Teoretiese verkenning en toepassing.* Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

Hambidge, Joan
1989 *Psigoanalise en lees*. Pietersburg: J & J.
1990 De Jong en koeterwaalse letterkunde. (In haar rubriek, "Op my literêre sofa"). *Beeld* 27/9/1990.

Kannemeyer, J.C.
1977 *Konfrontasies. Letterkundige opstelle en kritiek 1961-1975*. Kaapstad: Academica.

Lemert, Charles C. & Gillan, Garth
1982 *Michel Foucault. Social Theory and Transgression*. New York: Columbia University Press.

Lötter, H.P.P.
1993 Wetenskap: ter wille van kennis of wysheid? *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 33(1): 8-19.

Malan, Charles
1981 SENSAL: Aard, beleid en doelstellings. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

Mouton, Marisa
1989 *Dramateorie vandag: die bydrae van die drama- en teatersemiotiek*. Potchefstroom: Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O.

Muller, Johan; Cloete, Nico & Orkin, Mark
1986 Die RGN se nuwe gedaante: Neutrale navorsing in diens van die politiek? *Die Suid-Afrikaan* 6: 11-13.

Racevskis, Karlis
1980 The Discourse of Michel Foucault: A Case of an Absent and Forgettable Subject. *Humanities in Society* 3(1): 41-53.

Rossouw, H.W.
1990 Wetenskapsbeoefening as kultuuraktiwiteit. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 30(1): 54-65.

Senekal, Jan
1987 *Literatuuropvattings: 'wese' en 'waarhede' van 'n nuwe literêre teorie*. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

Strydom, Leon
1985 'n Kreatiewer literatuurwetenskap? *Tydskrif vir literatuurwetenskap* 1(1): 43-56.

Van Niekerk, A.A.
1983 Die grense van die kritiese rede. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 23(2): 14-29.

Wybenga, D.M.
1988 *Diskoersanalise en stilistiek*. Pretoria: Serva.